# HOOFSTUK I.

## *INLEIDING.*

### I.

Wie Totius se digwerk na die volle betekenis wil begryp en geniet, die diepdeurvoelde profetiese boodskap wat dit vir die Afrikaanse volk inhou, na sy wesenlike waarde wil peil, moet die digter se werk in verband bring met sy lewensbeskouing. Soos die diepgewortelde boom uit die omringende aarde krag neem om die vrug voort te bring, so put Totius vir sy werk krag uit sy lewensbeskouing, 'n lewensbeskouing wat oud is soos die Afrikaanse volk, oud soos die Calvinisties-gesinde Nederlandse volk. Net soos die Nederlandse volk sy besonder sangers gehad het en nog het, wat hierdie lewensoortuiging laat klink het in hulle lied, so ook het Totius vir die Afrikaanse volk uitdrukking gegee aan 'n lewensoortuiging, 'n besonder lewensgevoel. Die digter het hier net suiwer verklank wat daar in die volksiel woon. Dat daar tussen sy poësie en dié van verwante Nederlandse kunstenaars ooreenkoms sal wees, is begryplik, maar omdat Totius 'n besonder eie kyk op dinge het, omdat die Calvinisme in Suid-Afrika hom aangepas het by landsomstandighede en volksaard, daarom dra sy werk dan ook die geur van ons eie lug en aarde.

Omdat hy onder die Afrikaanse digters so 'n besonder plek inneem en sy kuns by uitnemendheid draer en openbaarder geword het van die Calvinistiese lewensgedagte, het dit vir my nodig gelyk om enigsins breër op sy betekenis in te gaan as wat dit tot nog toe gedaan is. Sy werk het ek dan gedurig gesien teen die agtergrond van ons volksontwikkeling, want van die volk self is dit moeilik te skei, so seer is Totius volksdigter. Gaan ons dieper op sy kuns in, dan blyk dit egter duidelik dat hy nie alleen binne eie nasionale grense te beperk is nie, want sy kuns het ook 'n innige verband met dié van die Nederlandse volk as geheel. Sien ons sy werk in 'n ruimer verband dan is dit inderdaad opvallend hoeveel

lewenswysheid by hom in 'n klein sirkel saamgetrek is, hoe sy gedigte, wanneer ons dieper inskou in die helder deurskynende simboliese betekenis daarvan, altyd nuwe waarhede openbaar, waarhede wat hulle met onbepaalbare grensvervloeiing verruim van persoonlike tot nasionale en uiteindelik algemeen-menslike betekenis.

Wil ons egter waarderend tot die gebou van sy kuns binnetree, dan moet ons sy werk deur die prisma van sy lewensbeskouing sien: eers dan kan ons die geheel omvat, die opgaande lyne volg wat selfs elke onderdeeltjie beheers.

Die oppervlakkige soeker wat hom nie rig na die kernpunt van die dinge nie, mag moontlik Totius se skynbaar eenvoudige lewenswoord verbygaan; vir die soeker wat die digter se werk nie uit die omsluitende verband lig nie, wag daar onder die dun goudriffie 'n myn van skatte.

## II.

Wat is dan eintlik die Calvinisme?

Toe die Hervorming eenmaal 'n bres geslaan het in die Middeleeuse kerklike begrippe, die eenheid van die massa verbreek het, saam met die Renaissance, wat uit die Suide oor Europa heen golf, die selfstandige persoonlikheid tot ontwaking gebring het, merk ons dat, wanneer die oorwinning gekom het, die Calvinisme hom afbuig van die Lutherse godsdiensopvatting, en vind Calvyn se duidelik afgebakende vasstelling plaas.

Ons kan in verband met die uitleg van wat die Calvinisme in sy wese is, nie beter doen nie as om die rigting te volg wat deur een van die beste kenners daarvan n.l. dr. J. D. du Toit, gegee is. [1])

Die Alfa en die Omega van die Calvinisme is die soewereiniteit van God, die soewereiniteit van die Regter, die soewereiniteit van die Koning, die soewereiniteit van die Vader. Alleen deur 'n dergelike strenge bepaling kom ons tot 'n regte verhouding teenoor God te staan. God is nie daar om saam met die mens te skep nie, soos dit in die Panteïsme uitgedruk word, nog minder is Hy daar om, soos die Hedoniste dit opvat, aan die mens 'n gelukkige bestaan op die aarde te verskaf. Met enkele woorde gesê: Hy het Hom openbaar om *God te wees* in die mees volstrekte sin van die woord. God het sy Woord, volgens die Calvinistiese leer, nie gegee om geskiedenis mee te deel nie of om

mooi, navolgingswaardige menstiepes voor te hou nie, maar om dit donderend te laat rol oor alle mensemag en deur alle eeue heen: Ek is God, en niemand meer nie! As ons hierdie standpunt van die Calvinis in die oog hou, dan is dit duidelik watter dryfvere agter die Afrikaner se optrede was dwarsdeur die geskiedenis.

Die godsdienstige verhouding tussen mens en God vind dus sy toespitsing daarin dat die mens gedwing word om *te buig:* die mens word *aanbidder*, nie van sy eie ryke innerlike nie, nie van 'n heidense Skoonheid nie, soos die Tagtiger gedaan het, maar van 'n enige God, wat alleen die aangebedene is.

„Die Gloria Dei ist der zentrale Wert der Frömmigkeit Calvins; Gottes Ehre ist das Ziel alles göttlichen Wirkens wie alles menschlichen Gottsuchens. Luthers Grundfrage lautet: Wie bekomme ich einen gnädigen Gott? Calvins erste und letzte Frage hingegen: Wie wird Gottes Ehre in mir mächtig?" [2])

In die aardse skepping sien die Calvinis dus gedurig Gods mag, Sy alles-omspannende heerskappy, en teenoor dié Magtige voel hy hom altyd skuldbewus, vandaar die diepe sondebesef by die Calvinis, iets wat gedurig deurstraal in die werk van alle digters wat hierdie leer bely. In sy *Lied van die Calvinis* [3]) druk Langenhoven die Calvinis se behoefte aan God se ligtende leiding as volg uit:

Met die Hoogste voor my oë,
En 'n diens my hoogste waardig, om te
    kies of te laat bly,
Vrees ek niemand se vermoë
om met dwang of raad my troue na die
    laagtes te verlei;
Maar ek vrees, O God, ek bewe,
Oor my pand van wonderlewe,
Oor my mag van vrye keuse as U nie
    Oorheerser bly.

Behalwe dat God dus wêreldheerser is, volgens die Calvinis, het sy leer nog 'n ander hoofbeginsel, soos dr. A. Kuyper verklaar, en dit is die soewereiniteit in eie kring. Daar is maar een alles-omvattende soewereiniteit: dié van God. Geen enkele mag in die wêreld kan dié soewereiniteit onverdeeld oorneem nie. Daarom splits die wêreld

in 'n ontelbaar aantal kringe op, elkeen met eie soewereiniteit op eie gebied: in die kring van die natuur b.v. heers onaantasbaar: die natuurwet; in die kring van ons denke: die logika; in die kring van die wetenskap: die waarheid; in die kring van die geloof: die konsensie; in die huislike lewe: die familiehoof, en so verder.

Soos tallose radere wentel hulle rond, elkeen om eie spil. Daar dreig egter die gevaar dat hulle in wye wenteling mekaar sal raak, strem, inbuig. Daarom is daar 'n „kring van die kringe" nodig, wat hulle almal omvat sover hulle die mensewêreld raak, en elkeen se sfeer juis bepaal. Dit is die kring van die staatsreg. Dit alles vorm dus 'n nou-aaneensluitende geheel, alles werk saam om 'n groot gesamentlike werk te voltooi. „Enersyds is die Calvinis 'n verklaarde teenstander van wat genoem word die „volkssoewereiniteit". [4]) Wie daarin die absolute mag soek, lê die allesomvattende soewereiniteit op 'n sondige mag n.l. die volk. Die einde daarvan is dan ook noodwendig verwarring en tirannie. „Beneath Calvinist criticism of institutions there has always been a deep respect for these institutions and a full admission of the necessity for the principle of authority in church and state", [5]) sê David Ogg in sy boek *The Reformation.* Die Calvinisme kies tog ook party vir die demokratiese opvatting van lewe, omdat dit leer dat alle mense gelyk en gelykwaardig is voor God. So het dit b.v. die vryheid van die volk uitgeroep in Holland, Engeland en Noord-Amerika. Groen van Prinsterer het dan ook die betekenis van die Calvinisme as staatkundige beginsel gehuldig met die woorde: die Calvinisme is oorsprong en waarborg van ons konstitusionele vryhede. Ogg merk in verband met Calvyn se afbrekende maar tewens opbouende werk in hierdie verband die volgende op: „Calvin, like Rousseau, awakened men's thoughts, but where the secular state was concerned, he might have claimed, as Rousseau claimed for himself, that, so far from destroying states, he had confirmed them." [6])

Deurdat God alleen soewerein is, mag die een mens nie oor die ander, die een kring nie oor die ander heers nie. Elkeen kry sy mandaat van God en verder mag hy nie gaan nie.

Die Calvinisme bepaal verder ons verhouding tot die wêreld om ons heen met die oog op die alles-omvattende band aan God. In hierdie opsig is die alles-beheersende

beginsel „die gemene grasie". Al wat in die wêreld te sien is, is Gods skepping, en as sodanig moet dit geëer word. Niks is in sigself onrein nie. Wat deur die sonde aan die vloek onderworpe is, moet weer vrygemaak word, sodat die skepsel weer sy God mag dien. Hierdie druk onder die besef van sonde, onder die spanning van die „vloek", wat op die oortreder rus, gee aanleiding tot die somberheid, die diepe swaarmoedigheid by die Calvinis. Waar die Rooms-Katolieke digter b.v. bly en opgewek kan sing oor die skoonheid en volheid van die aardse rykdom, oor al die kleureweelde en rykdom van vorme, daar is die Calvinistiese digter gewoonlik diep-ernstig, sy oog alleen gerig op die betekenis van die lewe hiernamaals. Hy sien die aardse dinge nie met 'n sensuele verrukking aan nie, maar laat oor alles die lig van het hemelse wonder gaan. As Milton verhewe en plegtig met sy breed-deinende gedig aanvang dan is dit of ons nadruklik hoor: „The Spirit of the Lord is upon me", so diep voel hy hoe die majesteit van God sy wêreld van besieling en skoonheid bewoon.

Die Calvinis kan die volheid en menigvuldigheid van die lewe ingaan, hy hoef hom nie noodsaaklik af te sonder nie, want ook *hy* moet die mens leer ken, die lewe in sy veelvuldigheid. Te dikwels is die Calvinis ten onregte beskuldig dat hy blind is vir die *menslike*, dat hy hardvogtig soos die verstandelike Calvyn alles toets aan vaste dogmas, en die sagte, onmerkbare vervloeiinge van die mens se innerlike nie ken nie. [1]) Selfs Protestantse skrywers het Calvyn van hierdie verstandelike hardheid beskuldig. „Calvyn was 'n droë, 'n harde gees, 'n logiese redeneerder en 'n intellektualis by uitnemendheid, wat die warmte van die hart gemis het wat Luther so bemind gemaak het". [1]) Dit is dan ook 'n gewone verskynsel dat die Calvinis se beginselvastheid vir „hardheid" aangesien word, dat sy sombere erns, wat vloei uit vrees vir God, aangesien word vir 'n onmenslike afsondering en 'n gebrek aan aanpassing by die lewe, 'n opgaan in die breë wêreldstroom. Calvinisme is ook weleens bestempel as „the creed of an agonised conscience" of as „bapticed stoicism". Daar lewe in die Calvinis 'n puriteinse erns waardeur hy gedurig rekening hou met die mag van die sonde. Die Kerk en die ander gebiede waarop die menslewe tot ontplooiing kom, word egter duidelik deur die Calvinis geskei. Die wêreld moet volgens hom onder die beademing kom van die ge-

loofserns, maar die terreine van albei moet geskeie bly, anders kom daar botsing. Deur die Kerk kom God se mag tot ontplooiing, en deur die vaste kerklike instellinge word 'n verhewe opdrag uitgewerk.

Tussen kerklike en politieke lewe was daar in die geskiedenis van die Calvinisme nog altyd 'n noue verband, alhoewel die gebiede waaroor hulle werksaamheid gestrek het, duidelik afgegrens was. „Historically, Calvinists have been associated not with popular governments, nor with schemes of political emancipation, but with monarchies and burgher oligarchies; not with political change and experiment, but with political stability and conservatism", [2]) beweer Ogg, wat hom hier en daar nogal skerp uitlaat oor Calvinisme en sy rol in die geskiedenis. In Suid-Afrika het dit dikwels geblyk dat die Calvinisme sy „politieke ader" behou het, maar ons moet by die beoordeling van die betekenis daarvan nie die staatkundige beginsel in betekenis te swaar laat weeg nie. „Tog hoeseer ons egter ook pleit vir 'n duidelike grensreëling tussen wat die Kerk moet doen en wat daarbuite moet plaasvind, ons weier volstrek, en juis op grond van wat gemotiveer is, om as gelowiges binne die streng kerklike kring teruggedring te word. [3])

Wanneer ons ondervertakkinge van Calvinisme beskou, moet ons altyd kyk in hoeverre dit getrou bly aan die kerngedagte, n.l. dat God in alles, vir alles soewerein is. Van uit God as middelpunt werk alles, en die mens, die aarde kry alleen betekenis wanneer hulle gesien word teen die agtergrond van sy ewige skeppingsplan. Die mens is die draer van 'n vonkie goddelike vuur: sy rede; sy liggaam, die stof, die vorm het alleen maar betekenis omdat dit die nimmer-verwoesbare siel dra. Die siel het nie daar ontwikkel as gevolg van 'n ewolusieproses waardeur die bewussyn verskerp, verfyn, verhoog is nie. God het die vonkie lig in die mens geplaas, en hierdie *rede* onderskei hom van die dier: die kloof tussen die twee is nie oorbrugbaar nie.

Wie dus waarlik die Calvinisme se grondtoon in sy lied wil laat deurklink, sal hierdie leer moet lewe en bely, dit moet in sy binneste tot 'n werklikheid groei en in sy kuns soos 'n blom ontluik, 'n blom wat die geur het van die aarde waaruit dit gespruit het.

## DIE DIGTER TOTIUS.

### III.

Hierdie Calvinisme het dan tot 'n hoë mate die Afrikaanse volk gevorm, gehelp om sy lewensaard te boetseer, sy houding op belangrike oomblikke in die geskiedenis te bepaal, hom laat ontwikkel tot wat hy vandag is. Dié Calvinisme het saam met die eerste koloniste gekom na Suid-Afrika. In Nederland was dit van geweldige volksvormende betekenis. 'n Klein maar felle groep Calviniste het die oorhand in Noord-Nederland gekry, hulle het streng opgetree, hulle leerstellings tot die volk laat deurwerk, op so'n doeltreffende wyse dat die karakter en geaardheid van die Calvinistiese Hollander en Rooms-Katolieke Vlaming totaal verskil. [11]) Die liefde van die Katoliek vir kleurwarmte, vormskoonheid, skitterende optogte, simboliese lyne in die kerkkuns het aan Vlaandere kunstenaars van heel besondere aard gegee; hulle kuns het die gemoedswarmte, die liefde vir die aardse skoonheid wat ons selde by die Hollander en Afrikaner kry. Die hele Nederlandse volk se innerlike is grotendeels so gebeitel deur die onsigbare kunstenaar die Calvinisme. Selfs van ons voorouers wat nie van Holland gekom het nie, het die Calvinisme aangehang. Theal beweer van die afstamming van die Suid-Afrikaanse koloniste: „Hulle was manne van die stoere Neder-Teutoonse ras, wat Engeland en Skotland sowel as die delta van die Ryn bevolk het. Met die hoofstroom van hulle Bataafse bloed is daar baie stroompies van nie-Bataafse oorsprong gemeng, maar die kragtige stroom het sy loop onveranderd gevolg deur dié almal in hom op te neem en met hom te vereenselwig.

„Die eerste en mees belangrike tak was van Hugenoteoorsprong. Op 'n bepaalde tyd het dit een-sesde van die hele bloed uitgemaak, maar voor die helfte van die 19de eeu is dit geheel-en-al in die hoofstroom opgeneem.

„Groter in omvang, maar ook makliker in die hoofstroom opgeneem, was 'n tak van die lande wat teenswoordig by die Duitse Keiserryk gereken word. By noukeurige ondersoek blyk dit egter dat al die Duitsers wat Suid-Afrika as vaderland aangeneem het in die vroeë dae van die volksplanting, van die grenslande afkomstig was, maar waar die hoë en lae Teutone nog in 'n toestand van vermenging te vinde was, sodat baie van hierdie bloed met die Bataafse van dieselfde oorsprong was." [12])

Ons voorouers het dus hoofsaaklik uit Nederland gekom

en uit streke van Duitsland wat aan Nederland grens. In sy *Afkomst der Boeren* [13]) wys dr. Colenbrander daarop dat in 1806, toe die bevolking nie langer meer deur bemiddeling van Nederland gevoed is nie, die afkoms van die koloniste vir ruim 50 pCt. Nederlands was, vir 27 pCt. Duits, vir meer as 17 pCt. Frans en vir ongeveer 5 pCt. van die ander nasionaliteite. Dit moet nog nagenoeg die bloedmenging van die bevolking gewees het, want die distrikte waaruit die Groot Trek van ongeveer 1836 en volgende jare plaasgevind het, het toe nagenoeg nog geen Engelse bevolking getel nie; huwelike met persone van Engelse bloed het nog net in Kaapstad en naaste omgewing voorgekom.

Ons merk dus duidelik hieruit dat vir die Hollandse Afrikaner Holland die moederland by uitnemendheid was. En die Kaap is gestig toe die Sewe Provinsies hulle hoogste bloei bereik het. Hierdie kragtige Holland wat die wêreldhandel beheers, 'n groot invloed op Europa uitoefen, is deur Calviniste gestig. [14]) Die skerpsinnige Busken Huet wys daarop dat die Sewe Provinsies „die aansienlikste *Calvinistiese* staat is wat die 16de eeu in Europa sien opkom het". Van Vloten is so diep onder die indruk van die vormende krag wat die Calvinisme vir Nederland gehad het, dat hy sê: „Wat het licht voor onze oogen, de lucht voor onze longen is, is het Calvinisme geweest voor de wording van onze staatkundige en burgerlijke vrijheden." En Groen van Prinsterer, wat soos weinig ander die volksaard van die Hollander gepeil het, die invloed wat Europese strominge daarop gehad het, kom tot die volgende betekenisvolle gevolgtrekking: „Elders is de kerk opgenomen door de Staat, hier is de Republiek niet slechts met de Kerk gemengd, zij is geboren uit de belijdenis der Kerk."

Die Duitsers wat destyds van aangrensende gebiede van die Calvinistiese Nederland gekom het, was nie vyandig gesind teenoor dié geloofsbeskouing nie en was waarskynlik bewus of onbewus die grondslae daarvan reeds toegedaan, omdat hulle gedeeltelik saam met die Nederlandse volk gewoon het. Die Hugenoot het sy pragtige vaderland verlaat om sy geloofsvryheid gewaarborg te sien. Die Afrikaanse stamouers, onverskillig of hulle van geboorte Hollands, Frans of Duits was, was meestal van goeie burgerlike families afkomstig, en juis hierdie klas mense was nodig om draers te word van die Calvinisme. Ons mag miskien gevaar loop om te verregaande gevolgtrekkings te maak uit

die resultate, soos Theal en Colenbrander dit vir ons gee, en dr. Boshoff waarsku ons dan ook daarteen. [15]) Daar is ook baie ander faktore wat meetel wanneer 'n loot in nuwe grond oorgeplant word; daar kom baie faktore by soos handel en bedryf, politieke oorheersing, die huislike lewe, die aansluitingsvermoë by wat vir 'n kultuurstroming op 'n belangrike moment beslissend moet wees. „Statistieke gegewens is by dergelike kwessies miskien minder belangrik as psigologiese en sosiologies-kulturele feite." [16]) Op die verandering van 'n taal is gemelde faktore natuurlik van die grootste belang. Waar dit egter 'n godsdiensvorm geld, waar sekere tradiesies, sekere dogmas vas bly, daar het dergelike gegewens bepaald hulle betekenis. Dwarsdeur die geskiedenis van ons volk is dan ook duidelik sigbaar die vrugbare inwerking van die kerklike lewe op die vorming van die volkslewe. Nie alleen het dit gedurig die volk van binneuit geboetseer en veredel nie, dit het op hoofmomente in die geskiedenis van die Afrikaanse volk van deurslaggewende betekenis geblyk. „Die volksplanting aan die Kaap was in rudimentêre sin 'n klein Calvinistiese staatjie. Staat, kerk en skool is aldrie beheers deur dieselfde gemeenskaplike oortuiging wat in die offisiële belydenis vasgelê is." [17]) Daar was maar een publiek-erkende kerk wat staatsteun en skoolbeskerming geniet het. Die kerk druk dus op dié wyse skerp sy stempel af op die kind, op die toekoms; hierdie klein Calvinistiese staatjie dy almeer uit, dit groei oor die breedte van die land, die trekker wat die binneland ingaan, word 'n draer van die Calvinisme, die omvangsfeer van dié lewensbeskouing word al groter.

Reeds in die begin van die volksplanting het die demo*kratiese tendens van die Calvinisme hom duidelik openbaar,* iets wat nie sonder betekenis sou wees vir die toekomstige groei en ontwikkeling van die volk nie. Ons merk hierdie verskynsel reeds op die drie skepe waarmee Jan van Riebeek na die Kaap gekom het. Later word dit nog duideliker, want in 1657 kan die vryburgers reeds sitting neem op die Politieke Raad, veral wanneer regsake afgehandel word. Die volk word gestadig toegelaat om medeseggingskap in die Regering te kry. Met die koms van die Hugenote word die demokratiese drang, die vryheidsneiging nog versterk, en ontwikkel almeer in die Afrikaner sy liefde vir ruimte. Maar sy vryheidsliefde ken die natuurlike grense wat vir hom daargestel is deur sy vertroue in God se leiding.

## DIE DIGTER TOTIUS.

Toe die Sewe-Provinsies teen die einde van die 18de eeu, na 'n ongeëwenaarde bloei, begin kwyn soos 'n tropiese plant wat te vinnig gegroei het, merk ons dat die Kaap, wat in so'n nou betrekking met Nederland gestaan het, ook die invloed van die verandering ondergaan. Die omwentelingideë van die Franse Rewolusie, die strydroep Vryheid, Gelykheid en Broederskap, lewer nuwe probleme vir die Calvinisme op, nie alleen in Europa nie, maar ook noodwendig in Suid-Afrika. By Maynier aan die Kaap openbaar hierdie onverwerkte idee, uitgroeisel van eeue-lange drome in Europa, hulle in die vorm van buitengewone en gevaarlike vriendskap teenoor die primitiewe inboorlinge. Langsamerhand word die Calvinis se verhouding tot die inboorlingrasse skerper omlyn deur die rigting wat deur sy lewensbeskouing aangedui word. Alhoewel die regstreekse invloed van die Rewolusie omstreeks 1795 sigbaar word, toe daar selfs 'n klein opstand kom, was die invloed daarvan seker nie baie diepgaande nie deurdat die behoudende, die konserwatieve element wat 'n innige deel van die Calvinisme is, teen onbeheerste omverwerping en bandeloosheid gepleit het: die vryheidsidee wat deur die Franse rewolusie op die voorgrond gebring is, is in wese iets anders as dié waarop Calvinisme steun. Die Franse Rewolusie het die goddelike majesteit geskend en die mens die hoogste gestel, maar die Calvinisme ken alleen die vryheid insoverre dit aan die mens deur God gegee is, 'n vryheid dus wat luister na die wette. Calvyn immers het self betoog dat die volk nie altyd gedwee die hoof voor die owerheid hoef te buig nie, maar dat daar wel reg tot verset bestaan, as daar rigtings ingeslaan word wat lynreg indruis teen die volk se geloofsoortuiging. Dergelike oomblikke het dikwels aangebreek in die geskiedenis van die Afrikaanse volk: dink aan die verset teen Willem Adriaan van der Stel, aan die Groot Trek, aan die verset van die manne van die Eerste Taalbeweging teen die verengelsingspogings, dink aan die Vryheidsoorlog van Transvaal en aan talryke kleiner gebeurtenisse waaruit die „koppigheid" van die Calvinis so duidelik blyk.

Maar alhoewel die Calvinisme sy oorspronklike kern bewaar het, moes dit tog ook nou verband hou met die ontwikkeling van omstandighede, met die ontplooiing van nuwe volksbehoeftes, die ontstaan van nuwe vraagstukke, gebore uit die besonder gees van die tyd. Dit moes dus, net soos die geval in ander lande was, sy lewensvatbaarheid toon, die

vermoë om in te voeg en waardevolle elemente by te neem sonder om van die oorspronklike karakter prys te gee. „Daarby (ek weet dat ek op gevaarlike terrein is) mag ook nie vergeet word nie, dat die Calvinisme by ons 'n bepaalde, eie ontwikkeling deurgemaak het en verre van 'n humorlose, dor-intellektuele, dogmatiese godsdiens is." [18]) Dr. A. Kuyper beweer dan ook: „Niet in wat het Calvinisme uit het verleden *overnam*, maar wat het nieuw schiep, moet de diepe grondtrek gezocht worden van zijn karakter." [19]) Oorsien ons die ontwikkeling van die Afrikaner vanaf die volksplanting tot aan die finale oorname van die Kaap deur Engeland, dan blyk dit helder en oortuigend hoe die Calvinisme feitlik die suurdeeg vir ons volksvorming was, die onsigbaar vormende mag wat op stad en dorp, op die verafgeleë boereplaas stilweg gewerk het, die hele sosiale lewe 'n besonder eie karakter gegee het. So was van die begin van die 18de eeu af die Calvinistiese Kerk met die Statebybel een van die belangrikste beskawingsfaktore van waarskynlik ruim 80 persent van die Afrikaanse volk. „Wat deur herkoms, taal en tradiesies geskei was, het geloof, kerk en kerklike lektuur in geestesontwikkeling en wêreldbeskouing verenig. Ons moet m.i. in die Calvinistiese Kerk en in die produk van die Calvinistiese wetenskap, die Statebybel, een van die sterkste faktore sien, wat in die nuwe vaderland uit allerlei heterogene volkselemente in 'n eeu en 'n half 'n betreklike volkseenheid tot stand help bring het. Die kerk en die Bybel het die sement gevorm, wat nie alleen geestelike kultuur aaneen geheg het nie, maar wat tegelyk die band tussen die stamland en die nuwe vaderland in stand gehou het" [20]) En dan weer: „So het die Calvinistiese Kerk en die Statebybel gedien om die Afrikaanse volk aaneen te heg en aaneen te hou, en meer nog, om die Afrikaners as 'n geslote eenheid te beskerm teen verbastering en vermenging met die inboorlinge en kleurlinge van ander herkoms. Die Afrikaners het al in die 18de eeu in hulself 'n volk met 'n eie Christelike beskawingsroeping begin te sien, en in die 19de eeu het hierdie opvatting van hulle historiese roeping sterk toegeneem. Met die Bybel moes die kind op skool klaargemaak word vir die katkisasie, die voorportaal van die lidmaatskap en die huwelik, vir die volle verantwoordelikheid en burgerskap in kerk en staat, en met die Bybel moes ook die inboorlinge beskaaf en opgevoed word om hulle regte plek in die maatskappy te kan inneem." [21])

Die oorname van die Kaap deur Engeland het voorlopig nie skokkend op die Calvinisme van die inwoners ingewerk nie. „Tydelik dan ook het Engelse konserwatisme ons ten goede gekom teenoor kontinentale radikalisme; en die landsontwikkeling deur Engeland het ons ontwikkeling bespoedig in menige opsig." [22]) Maar toe die Engelse bestuur die Afrikaner stelselmatig wou verengels, sy ou kultuur, gegroei uit bestudering en kennis van die Bybel, wou opsydruk, het daar langsamerhand 'n golf van teenstand aangeswel, is 'n poging aangewend om die tradisionele te behou. Die Groot Trek beteken dus juis 'n poging om te behou die beste wat daar in die Afrikaner was — en na hierdie groot beweging noordwaarts vind daar nog baie ander plaas om die stroom te keer, die stroom wat so vinnig besig was om die oue te ontwortel.

Dis juis hierdie historiese gebeurtenisse wat so 'n diep indruk op Totius gemaak het, hierdie botsing van die tradiesies, wat gegroei het uit die Calvinisme, met 'n uitheemse oppervlakkige gees, die humanistiese „breedheid" van lewensopvatting. Waar Suid-Afrika deur sy afsondering verloor het aan intellektuele ontwikkeling, daar het dit net soos Vlaandere, wat sy Middeleeuse karakter, temidde van die ontwikkelde Wes-Europa bly behou het, die suiwerheid van gemoed bewaar, en het dit „het zuiver en argloze leven van zijn ziel gedrenkt aan de geheimzinnige bronnen van het oorspronklijke licht". [23]) Die geïsoleerde vreedsaamheid waarin die Trekker-Afrikaner gelewe het, moes tog, net soos die geval elders op die wêreld was, b.v. met die Puritein in Amerika, bedreig word deur die aangolwing van die luidrugtige beskawing. Met die ontdekking van goud in Transvaal is die idilliese rus van die Afrikaner opeens verbreek, en sedert dié tyd vind al heftiger die stryd van die konserwatiewe, (in die goeie sin van die woord), behoudende Calvinisme plaas teen die demoraliserende invloed van 'n „ruime" buitelandse gees. Maar nog dieper: die „humanistiese" gees, die drang na ontleding van eie sielelewe, van fyn-skerpe indringing in probleme word ook by ons gemerk en werk langsamerhand aan die wortels van die sterk gegroeide Calvinistiese boom. Ook in Nederland moes Calvinisme harde aanklagte hoor, is dit beskuldig van enghartige bekrompenheid. „Wie den Hollandschen Calvinistischen kleiboer naast de in zijn bergen jodelenden Tiroler stelt, kent het onderscheid van psalm en prosit, van dogma

en arabesk, starre leerstelligheid en losse romantiek." [24])

Was die inwoners van die Republieke in Suid-Afrika dan inderdaad teen „beskawing" soos dit so dikwels beweer word? „Het is onbillik te beweren, dat voor vele boeren, vooral in de Zuid-Afrikaansche Republiek, de oorlog niet alleen een strijd tegen Engelands' overheersing betekende, maar werkelijk een hardnekkig verzet tegen de voortdringende beschaving (tegen een bepaalde vorm van beschaving), die hen langzamerhand als een ijzeren muur omsloot. Indien eenmaal de beschaving met haar beperkingen van individuele vrijheid niet alleen, maar ook met haar zedenbedervenden invloeden, met haar whiskey en dobbelspel, haar weddenskappen en bar-maids, geknoei en tweedracht ook de Transvaal zou overstroomd hebben, dan was het niet alleen uit met het heerlijke vrije leven der Boeren, maar ook met den eenvoud en deugden, die velen nog bewaard hadden. De Afrikaansche Boer — het doet er niet toe hoever de ware vroomheid zijn innerlijk leven beheerscht — regelt in alle geval zijn uiterlijke daden geheel naar zijn godsdienst; en elke verkragting van de godsdienstige wetten, elke afwijking van die in zwang zijnde gebruiken, prikkelt hem tot verzet, en het valt den leiders dan ook makkelijk hem tot een soort heilige verontwaardiging te brengen. Ook in de Amerikaansche opstanden speelde de godsdienst der Puriteinen een groote rol". [25])

Die Afrikaner, wat sy gewortelde tradiesies wou beskerm, moes worstel met die denasionaliserende gees, en in sy *Trekkerswee* het Totius vir ons dramaties dié botsing geteken. Die Engels-Boere-Oorlog bring die groot krisis, die Afrikanernasie word tot in die siel geskok, maar juis deur die oorlog vind die dieper loutering plaas, 'n algemene nasionale bewuswording. Die oorlog met sy verwoesting van huis en haard, met sy vernieling van vrou en kind, met sy verskuiwing van sedelike waardes bring Totius in aanraking met die siel van die Afrikaner, in sy lyding en nood, en hieruit vloei voort werk soos *By die Monument*, *Rachel* en kleiner gedigte, almal gedra deur 'n algemene weemoedige stemming oor die volk se verdriet, oor die vernietiging van ideale wat diep in die volksverlede wortel, oor die wrede ondergang van so veel dinge wat met lyding en verdriet opgebou is.

Op 'n oomblik waarop dit werklik lyk of die volk van Suid-Afrika voor 'n groot nasionale wending staan, of die

Calvinisme in sy stryd teen die liberalistiese neigings nie die oorwinning onmiddellik sou behaal nie, breek Totius, wat nasionale gebeurtenisse trou besing het in sy besielde lied, plotseling af met sy nasionaal-godsdienstige poësie, nadat hy hom uitgespreek het oor die verslappende verbroederingsgees. Hierdie teleurstelling vloei nie voort uit Totius se verkeerde voorstelling van die Afrikaner, n.l. as 'n prototiepe van Israël nie, soos Albert Verwey [26]) gemeen het, maar uit 'n besef dat die Afrikaner se natuurlike groei, uit natuurlike tradiesiekrag afgeknot is.

Totius het egter skerp gesien dat wat in die verlede aan kultuur en tradiesies gevorm is deur die vrugbare inwerking van die Calvinisme as lewensleer, diep in die volk goeie saad weggelê het wat later weer sal opkom. Want in *Trekkerswee* keer Dina, wat in die stad met sy uitheemse wondere verslinger geraak het, weer na haar gebroke, wagtende vader terug: die betowerde mens peil die waardeloosheid van dinge wat hom nie eie is nie en keer na die hawe van eie nasie en kultuur terug. Die belangrike en tog so eenvoudige weg wat Totius aandui, kan dus in enkel woorde uitgedruk word: daar is alleen een ontwikkeling vir 'n volk moontlik en dié is van binne-uit na buite en nie anders om nie.

## IV.

Dat die protestantwording van so 'n groot deel van Europa nie alleen op die kerklike en staatkundige lewe van diep ingrypende betekenis moes gewees het nie, maar ook op die kunslewe in die algemeen, is te begrype. Troeltsch wys in sy werk *Die Bedeutung des Protestantismus* [27]) o.a. ook op die groot vernuwing wat dit vir die kuns gebring het. Romantici en Klassici het die beeldestorm van die Calviniste vervloek, en hulle het met afsku daarvan gepraat dat Calvinisme die kuns diensbaar maak aan die een of ander doel en dat hulle glad nie die beginsel kuns-om-die-kuns of selfs kuns-om-die-lewe erken nie. Die Calviniste is selfs daarvan beskuldig dat hulle die kuns heeltemal doodgemaak het, dit laat verdor en verbleek het deur die sinlike, wat so 'n vername aandeel het in die kuns en waarop die Katolieke groter nadruk lê as hulle, as waardeloos, as „wêrelds" te beskou. Wanneer Gerard Brom, as kunsgevoelige katoliek, sy blik oor Noord-Nederland laat gaan, dan merk hy al

dadelik die nugtere Calvinis se gebrek aan kunswaardering. „De gemiddelde Hollander maakt zich verachtelijk of verlegen van de kunst af, door te beweren, dat hij daar geen verstand van heeft, waarmee hij duidelijk zijn ongevoeligheid tentoonstelt". [28]) En selfs onder sommige Afrikaners merk ons 'n besondere opvatting oor kuns. „Ons volk is by uitstek Calvinisties en die geroep om die kuns terwille van die kuns self te bewonder, wat die kunstenaar ook al mag voorstel, het heelwat argwaan teen die kuns verwek. Om 'n agterveldse patriarg 'n skilderstuk voor te hou of 'n beeldhouwerk te toon wat 'n voorstelling gee van voortrekkerdogters wat in die Oranje-rivier baai, sal by hom nie juis liefde vir die kuns wek nie, want as afstammeling van die Hugenoot of Geus het hy alreeds met die idee vertroud geraak dat die beeldhoukuns 'n werktuig in die diens van die afgodedienaar is en die skilderkuns 'n instrument om Roomse kerkvensters mee te skilder." [29]) Ons moet egter nie konserwatisme, wat enigermate lewe binne enige kerklike sfeer, verwar met Calvinisme nie. Dit is 'n algemene fout wat gemaak word.

So onsimpatiek was die oordeel van baie kunstenaars en kritici in Holland oor die Calvinisme as dodelike vyand van die kuns, dat dit ons verbaas dat eers in die jongste tyd die aandag gegee word aan hierdie vraagstuk, dat Calvinistiese denkers en digters probeer om goeie Christelike kuns se grense te belyn, en om die verkeerde voorstelling te verwyder asof die Calvinisme te beskuldig is vir alles wat nie deug in die Hollandse volkskarakter en kuns nie.

Die uitspraak van dr. A. Kuyper gegee in sy rektorale rede *Het Calvinisme en de Kunst* [30]) kan vir ons veilig as leidraad dien wanneer ons die houding van die Calvinis teenoor die produkte van verbeelding en gevoel wil bepaal. Ons moet egter onthou dat dr. Kuyper se beskouing 'n vyftig jaar gelede gegee is en dat sy kunssmaak in baie opsigte verouderd is, verouderd selfs vir moderne Calvinistiese kunstenaars. In die Christelike letterkunde, aldus dr. Kuyper, soek ons vergeefs na 'n kuns-filosofie, dit is te sê as ons Plotinus uitsonder, „die voor ons niet geldt." Luther nog Calvyn het op die waarde van die skone ingegaan. Uit die bloeityd van die Calvinisme het ons geen skerpomlynde uitsprake oor die samehang tussen kuns en Calvinisme nie, nog in Skotland, Switserland of Nederland. So b.v. het Burns eerder die Calvinistiese Hoogland gehekel as bemin.

Om te weet wat die Calvinisme vir die kuns beteken het, is dit nodig om die geestesrigting wat die kuns geneem het, self te raadpleeg. Calvyn het hom veral laat bind en lei deur die Heilige Skrif. Luther se woorde „niks teen die Skrif nie", word by hom „niks dan uit die Skrif nie". In die Skrif moet ons dan soek vir verwysings na die skone, na die ontologiese en kosmologiese samehang van die dinge. Hiervoor moet ons ken die wêreld- en lewensbeskouing wat aan die Bybel ten grondslag lê. Volgens die Bybelse voorstelling moet die kuns en die skone tuisgebring word onder die hoëre en rykere begrip: *Heerlikheid.* Ons moet onthou dat God, voordat Hy die aarde geskep het, eers die Hemel te voorskyn geroep het. Die heerlike, die skone, bestaan alleen om God se wil: Soli Deo Gloria: vir God alleen die heerlikheid. Filosowe soos Kant, Schelling en Hegel, wat hulle ook oor estetiese dinge uitgespreek het, stel digkuns op homself as die hoogste. Die mens dra die beeld van God in hom om, betoog dr. Kuyper, en dus besit hy die vermoë en dra hy die moontlikheid in hom om, om iets moois te skep en om in die skone welgevalle te hê. Hierin sien ons ons „Gottebenbildlichkeit", wat die grond is waarin al ons krag en vermoëns wortel. „Alle kunstvermogen in den mensch is de Calvinist daarom Gave Gods; een werking in hem van de Heilige Geest." Die Calvinis moet onthou dat „niet tot de bijzondere, maar tot algemeene genade hem kunsttalent en kunstzin" gegee is. Calvyn kom, volgens dr. Kuyper, tot die juiste opmerking dat die kunstalent veral aan vergeters van Gods naam geskink is. Ook in die mens is die eintlike immanente kunstenaar God self wat ook in die „werke van sy werke" glorie soek. „Ja, zelfs de eigen stijl en het karakter, die hij in zijn kunstproducten inschept, wortelen in het eigenaarde der persoonlijkheid, die Gods verordening hem beschikte". Natuurskoon, kunsskoon vloei direk uit God. Dr. Kuyper gee 'n antwoord op die vraag of die kuns nabootsing van die natuur is en of dit daar bokant uitgaan — die ou vraag reeds deur Sokrates gestel. Volgens die Skrif is die natuur, wat ons sintuiglik waarneem, nie die hoogste skoonheid nie. Die hoogste kuns straal deur die natuur en vertoon ons God se heerlikheid. Ons mag egter nie, op die voetspoor van Hegel en Fichte, kuns van die natuur skei nie. „De natuur blijft ons het patroon voor vormen en tinten, maar de echte kunstenaar doorgloeit die aardse lijnen en kleuren met een dieper rijker schoon."

Samevattend dan, kan ons dus oor skoonheid en kuns die volgende woorde aanhaal: „Uit God, deur God en tot God is alle dinge". Die hoogste skoonheid soek verband tussen natuur en gees. Vir die Skrif val alle onderskeidings tussen idealisme en emperisme weg. Die dwaling, volgens Dr. Kuyper, van die verskillende filosofiese stelsels is dat hulle die kuns humaniseer inplaas van diviniseer, want hulle vergeet die hooffeit n.l. dat die mens na God se ewebeeld geskape is. Baie mense maak 'n onderskeid tussen godsdiens en kuns en bring daardeur die ou teenstelling geestelike en sinlike skoon.

Die uitgangspunt van die Hervorming was, sê dr. Kuyper: „ons glo en ons bely". Die Calvinisme stel op die voorgrond: vrymaking van staat en maatskappy uit die boeie van die kerk. Die ontwikkeling van die idee sedert Konstantyn dat die Kerk die Staat moet omspan, het daartoe gelei dat die Staatskerk langsamerhand oorgaan in 'n kerkstaat. Dr. Kuyper erken dat die kuns aan die einde van die Middeleeue 'n veel te kerklike karakter gedra het. Selfs die kuns van die Renaissance beweeg hom nog by voorkeur in die sfeer van die kerklike. Die Renaissance het die kuns nie vrygemaak nie. Dr. Kuyper meen dat die vrymaking eers in Calvinistiese Nederland begin het, en die vrymaking grotendeels te danken was aan Calvyn se opvatting van die kerk aan die een kant en die staat en maatskappy aan die anderkant. Calvyn soek in die kerk alleen heil vir die siel en skuiwe alle uiterlikhede opsy. Kerk en Staat gaan dus elkeen op sy eie pad. In Rembrandt en Rubens se werk word die twee strominge verteenwoordig. Rubens, in Suid-Nederland, se kuns word vasgehou in 'n kerklike band, terwyl in Calvinistiese Noord-Nederland die kuns by Rembrandt omhoogswewe op eie vlerke.

'n Vername trek van die Calvinisme is ook die waardering van die liggaam in belang van die siel. Die ideaal van die Calvinis is dan ook om God in die wêreld te dien. Die Calvinis se opvatting van die uitverkiesing het invloed gehad op die hele Hollandse lewensopvatting.

Die Calvinisme, sê dr. Kuyper, is demokraties in beginsel en daarom het dit die kuns ook demokraties gemaak. Die Calvinisme het veral 'n huislike sin gekweek. Baie belangrik vir die kuns is dit dat Calvinisme Puriteins is. Hierdeur het die sedelike begrippe duidelik op die voorgrond getree.

Wat die drama betref, het die stryd gegaan nie teen die ideale drama nie, maar teen die „zichzelf verlagende" drama.

Die Calvinisme het so (b.v. baie sterk by die Afrikaner) 'n ongetemde vryheidsin ingeboesem, sodat die woorde van Bancroft so goed van toepassing is op die manne „wat geweet het dat hulle deur God uitverkore is en nie vir tiranne en duiwels gebewe het nie." Dr. Kuyper beweer dat Calvinisme ook die kuns met dieselfde vryheidsin bedou het. Uit hierdie vryheidsin het die Nederlandse kuns ontspring. Daarom meen dr. Kuyper lê die waarde van die Calvinisme vir die kuns daarin „dat het de Kunst aan zichzelf hergaf". Hy erken dat wat argitektuur en plastiek betref, dit die kuns eerder teengehou as vooruitgehelp het.

Vervolgens gaan dr. Kuyper oor tot die behandeling van die digkuns. Sy mening is dat die Calvinisme 'n eie styl mis, maar dit strek die Calvinisme nie tot oneer nie, omdat, soos ook Hegel opmerk, die mens, hoe fynbesnaarder en hoër ontwikkeld hy is, des te minder belangstel in sinlike skoonheid. Na hy probeer het om die invloed van Calvinisme by Hollandse digters aan te wys, kom hy tot die slotsom dat Cats en Bilderdyk die vernaamste Calvinistiese digters was. In sy gedigte getuig Bilderdyk van sy affiniteit met Cats. Dr. Kuyper meen egter dat, hoeveel waardering hy ook al vir Cats het, die digter soms te „ordinair" in sy ideaal is en hom soms skuldig maak aan uitinge wat grens aan die onsedelike. In weerwil van die swakhede bly hy hom tog op prys stel. Sekere soort mense kan hom nie waardeer nie n.l. die wat „in idealistische overprikkeldheid, of in belustheid op verguldsel en rhythmisch vernis zich aan den Catsiaanschen eenvoud stoten". Die onderskeid wat dr. Kuyper trek tussen die werk van Cats en Bilderdyk, is n.l. dat die een demokraties van toon en tiepe was, terwyl die andereen aristokraties van gees was. Die slotsom waartoe dr. Kuyper kom, is dat die Calvinisme en kuns volstrek nie teenoor mekaar hoef te staan nie, maar in harmoniese ewewig verband kan kom.

By alle Calvinistiese digters vind ons die nadruklegging op die vergeesteliking: die sinlike moet in bestraling kom van die gees, ons moet die dinge met ons siel, deur die prisma van ons lewensbeskouing sien en nie net hulle indruk liggaamlik ondergaan nie. Die gevaar wat natuurlik in die hele beskouing van dr. Kuyper dreig, is dat hy die gebiede van kuns en wysbegeerte mekaar laat dek, dat hy nie genoeg daarop let dat waarlik groot kuns vergeestelikte sinlikheid, gelouterde passie, gesublimeerde aandoening is

nie. Sonder die sintuie is die skepping van kuns ondenkbaar, met die „gees", soos dit in die wysbegeerte opgevat word, bou jy gedagtestelsels op, maar wanneer dit in die vorm van dogmas oorheers in die kuns, lei dit tot vernouing van uitsig, tot verbleking en verdorring. Totius het self in 'n beskouing *De Dichter als Ziener* [31]) nadruk gelê op die betekenis van die suiwer ideële in die kuns, die gevaar van die hieper-sensitiewe in die kuns van die Tagtigers aangewys, 'n kuns wat lynreguit te staan gekom het teen die Calvinisme, feitlik 'n bitsige reaksie daarteen was: „Bij overvloedige tol van eerbied, die gij zeker met mij aan de nieuwe Hollandse dichters betaalt, moet toch bejammerd worden het waarlik arm-zijn van hun verzen aan dat ideëel-zinnelike, dat logies-objektieve. Hun subjektivisme doet hen omdwalen in een ijle, onlogiese, zinledige wereld." [32]) By ons predikante is dan gewoonlik ook die mening van prof. Marais oor *De Nieuwere Richting in de Nederlandse letterkunde* geldig wat betref die verkeerde wêreldbeskouwing van die Tagtigers want *„het esthetiese* neemt de plaats in van het *etiese.* Het *schone* wordt verheerlikt tegenover het ware, en het heilige."

Die Calvinis hoef nie noodwendig die kuns gedurig diensbaar te maak aan die een of ander tot nut strekkende doeleinde nie; hy maak dit alleen diensbaar aan God soos die Tagtiger die kuns diensbaar gemaak het aan die Skoonheid, wat vir hom God was. Alle goeie digters wie se lewensbeskouing wortel in die Calvinisme (daar was tog ook baie van Cats se tiepe!), wil hulle kuns gedurig gedoop sien in die lig van die hemelse, dit moet gedra word deur gebed en gesang, dit moet diep opstyg soos 'n stem van die gewete self. Dit hoef nie noodwendig dor, nugter, hard, gerig op die werklikheid, te wees nie, dit kan ook in die daaglikse lewe, iets wat die gees van die Calvinis so seer beheers, die lig van 'n bo-wêreldse wonder dra. Die mening van 'n Jesuiet oor die onbuigbaarheid van Calvyn se leer is dan ook eensydig: „Die Calvinisme is net die geraamte van 'n godsdiens, sonder sap, sonder salwing, nog versiersel, nog iets wat devosie uitdruk en inspireer. Calvyn het in ooreenstemming met sy temperament 'n droë godsdiens uitgedink." [33]) Die „versiersel" sal ons dan ook nooit in die ware Calvinistiese werk vind nie; in Totius se besonke gedigte is dit totaal afwesig, beheers alleen die dieper idee die gewone verskynsel; net soos by 'n Gezelle staan die verskynsel by hom alleen

nie, „maar in zijn landschap en zijn lucht als onderdeel van een natuurgeheel, en als teken van de onuitsprekelijke idee, die aan alles een wezen schenkt." [36])

Calvyn was nooit 'n vyand van die ware kuns nie, al word sy stad Genève deur die vrydenker Voltaire voorgestel as „die ryke, trotse, huigelagtige stad, waar net gereken en nooit gelag word nie, bal en komedie gehaat word; waar as enigste genoeë die antieke verse van die goeie Dawid gesing word, met die mening dat God in slegte verse behae skep — 'n stad waar die harde aard van die predikante op algar se gelaat somberheid gelê het." [37]) (Calvyn het wel deeglik die veredelende invloed van die kuns op die mens se sielelewe erken, hy was heelhartig daarvoor dat die kuns 'n breë plek in die samelewing moet kry, maar hy het hom daarteen verset dat die kuns heerskappy moet voer oor die lewe van die mens, want hy was daarvan oortuig dat die kuns die godsdiens maklik kan verdring. Doumerque, die uitnemende Calvyn-kenner, merk dan ook op: „Laat iemand die skone en sobere woord lees wat die Hervormer voor in Marot se Psalmvertalings geplaas het, en hy sal sien dat sy denkbeelde nuut, stout en deur en deur ernstig was. Sedert Plato en Augustinus het niemand, behalwe Luther, so daaroor gepraat nie. Niemand het beter die boeiende en heiligende invloed van musiek begryp nie." [38])

Die Calvinisme het dan vernuwing van die kuns gebring deur dit van sy Middeleeuse kerklike karakter te bevry, dit het die nadruk gelê op die innerlike soberheid en nie op die uiterlike versiering nie, op sy goddelike karakter, die verhewe boodskap wat selfs deur 'n werklikheidsuitbeelding moet spreek. Die hele Protestantisme het op kunsgebied 'n nuwe skeppingsdrif oor Wes-Europa laat ontwaak, soos Troeltsch aanwys: „Er hat auch der Kunst einen neuen Geist eingeflösst, der sich schliesslich gegen die öffentliche pathetische Kunst der Renaissance wenden und das traulich Persönlich — Individuelle oder das Charaktervoll — grossartige suchen musste." [39]) Dit het vir die godsdiensliriek 'n frisse vernuwing gebring, vir die gewyde musiek, en selfs invloed op gebiede versprei waar Protestantisme nie oorheersend was nie.

As 'n verkeerde opvatting van die dogma maar nie die digterlike uitstorting laat verskraal, laat verdun deur die tregter van verstandelike voorskrifte nie, dan kan Calvinisme tot die skoonste ontbloeiing kom in die werk van gods-

dienstige digters. [40]) Wat gee mooier kuns as 'n groot, breë, lewensbeskouing, wat die kuns deurstraal, verdiep en dra? „Nur wer etwas ist, kann etwas machen ...... Poetischer Gehalt ist Gehalt des eigenen Lebens" het Goethe gesê toe hy na die belangrikheid van 'n harmoniese persoonsvorming van die kunstenaar verwys het. Hoe dieper die lewensbeskouing, hoe ryker sal die brandstof wees wanneer die digter geïnspireer is. En wie kan ryker, voller, meer harmoniese kuns lewer as die kunstenaar wat sy werk wy aan God, wat sy kunsstroom laat uitmond in die Oneindige? „De natuurlyriek, noch de liefdelyriek en evenmin de sociale lyriek raken zulk een diep probleem, treffen zoo de mens in het hart zijns harten, als de lyriek die verklankt wat er in hem beweegt, als God, of de Oneindige, dat hart aanraakt. Wat dan ontspringt uit de ziel, betreft niet alleen het haar direkt omringende tastbare, maar ook dat wat uit wijde verten des geestes en uit de nevelen des doods tot hem komt als een eeuwig aandringende vraag." [41])

## V.

Die kunstenaar kyk na die lewe, na die lewensverskynsels deur sy siel. En van die konstruksie van sy siel, van die hele ervaringswêreld wat daaraan verbonde is, sal ook die aard van sy kuns afhang. Die lewensbeskouing van die kunstenaar sprei 'n ligte waas om alles wat hy skep, gee die onmiskenbare aksent, die grondtoon aan al wat uit die stilte van sy siel gebore word. „Geen kunstenaar doet meer, dan de wereld die hy omvatten kan, in de vormen van zijn poëzie vereeuwigen." [42]) Sodra godsdienstige digters, wat die Calvinisme as lewensleer huldig, wat gedruk word deur erfsonde-skuld, se werk ook die kleur van hulle lewensbeskouing dra, groei inhoud en vorm saam uit die innerlike neiging van die kunstenaar.

Deurdat die Calvinisme so 'n belangrike aktiewe bestanddeel inhou, die karaktereienskap het om alles ferm weg te stoot wat nie daarby pas nie, merk ons b.v. dat die Calvinistiese strydlyriek, gebore in 'n tyd toe die Calvinisme se bestaan bedreig is, toe dit die eerste groei openbaar het, 'n dubbel karakter dra: matelose haat teen die dwangsugtige vyand, en kinderlike blyheid as die geweldenaars 'n nederlaag gely het. In teenstelling hiermee: opregte dankbaarheid teenoor God, aan wie hulle alles te danke het, vaak ook ge-

paard met 'n angstige skuldbesef, omdat hulle nie altyd, in ooreenstemming met wat die Bybel eis, die sondige vermy het nie.

Die Renaissance en Hervorming wat in soveel opsigte verskil het, bring tog saam 'n nuwe persoonlike vrywording, hulle suiver die gevoel, en hierdie nuwe suiwerheid en helderheid merk ons in die eerste Calvinistiese poësie, in die stuwende gevoel wat openbaar word in die talryke Psalmvertalings. In die Geuse-liedere het ons nog die wilde omhoogbruising van die gevoel, dit het die strydgedreun opgevang, die angs- en noodgeroep, al is dit selde uitgedruk in goedversorgde en bevallige vorm. Treffend is die ooreenkoms tussen die Geuse-liedere en die rymwerk van die Eerste Taalbeweging. Albei uitings getuig van een soort lewensbeskouwing, dieselfde strydlustigheid, dieselfde ootmoed teenoor God. In die Nederlandse volkslied *Het Wilhelmus van Nassouwe* met sy bewende erns, sy eindelose hoop en vertroue, is uitgedruk die Calvinis se daadkrag en vertroue in tyd van nood. Dirk Coster het die betekenis van hierdie lied, sy innige verband met die Nederlandse volkskarakter, pragtig gekarakteriseer. [43]) Die Geuseliedere is vervaardig deur arme protestantse martelaars, wat die folterdood afgewag het in donker kerkers, krygers aan boord van skepe, berooide bannelinge. In stamelende rym het hulle hul diepe bekommeringe en ongebroke geloof uitgespreek. „Er zijn er die strophen hebben, waarin het afgejaagde, verwoede menschendier zich kromt tot den laatsten, doodelijken sprong; er zijn er, waar de ruwe hoon in schatert; er zijn er, waarin de doffe trommelen roffelen van de uitrukkende benden, die straks tegen de prachtige Spaansche regimenten zich te pletter zullen slaan. Maar reeds dadelijk wordt deze ruwe werkelijkheid overstegen en door een edele kracht verzacht; in het opperste der Geuzenliederen, het *Wilhelmus*." [44])

Die Calvinistiese poësie wat hier sy aanvang neem, word dan van eeu tot eeu geopenbaar, dit dra die eienskappe van die besondere gees van die eeu, die nuwe strominge en wendinge van die tyd, maar die kern bly altyd aanwesig. In die 17de eeu is daar 'n sterk omhooggolwing van godsdiensliriek in Nederland, en onder hierdie openbaring neem dié van Calvinistiese digters seker geen geringe deel nie. Ons kan net vlugtig wys op Adriaan Valerius se *Nederlandtsche Gedenckklank*, waarin Psalmverse

soos die wydse *O Heer, die daar des Hemels tente spreyt* voorkom, ook ander wat in Suid-Afrika nie onbekend is nie, liedere wat waarskynlik deur ons voorouers wat na Suid-Afrika gekom het, gesing is. Daar is by die waardige liriek van die groot godsdienstige digters van die 17de eeu dié te noem van die innig-vrome skilder-digter Herman Dullaert, met sy ongeëwenaarde plastiese siening. „De eer van God en de stichting van de naaste, dat is voor Dullaert het enig doel van zijn dichtkunst," sê dr. Wille van Dullaert in sy werk oor hierdie digter. [45])

En wie ken nie die waarlik groot Calvinistiese digter Revius nie? In sy *Overijsselsche Sangen en Dichten* leer ons hierdie stoere en tog diep-vrome digter ken. „Uiterlijk is Revius volkomen een man van zijn tijd: statig en gesloten, strijdbaar en naar onze opvattingen weleens hard. Innerlijk is hij bijna als een kind: zoo zuiver overgegeven en vol aanbidding," so teken dr. Smit vir ons in sy mooi proefskrif hierdie digter. [46]) Dié karakteristiek, so tiepies van die ware Calvinis, kan ons woord vir woord ook toepas op Totius se daadkragtige vader ds. S. J. du Toit. Die pragtige godsdiensliriek, uitdrukking van 'n herworde volksgees, wat omstreeks 1830 so fris opbloei in Nederland en dan vir 'n tyd feitlik doodkwyn, sal op eie wyse en volgens die gees van eie tyd later voortgesit word deur Totius in Suid-Afrika.

Naas die spontaan-vloeiende liriek het ons nog die didakties-moraliserende stroming in die letterkunde, en die word verteenwoordig in Holland deur Vader Cats en later in Suid-Afrika deur Melt Brink. Dis 'n belangrike soort Calvinistiese kuns, wat harde woorde van kritici uitgelok het. Teenoor Prinsen se heftige aanval op Cats staan Kalff se meer beredeneerde beskouing. „zedenpreker, zedenmeester — dat is Gats geweest meer dan eenig ander zijner tijdgenoten. Welke predikant had een gehoor als hij? Maar toch, in die moralist stak een dichter; tusschen het droge zand van leering en stichten, het wier en moeras van redenering en betoog glinstert — maar te zelden — het helder water der poëzie." [47]) Hy behoort dan ook tot hulle by wie daar gelewe het „het beredeneerd piëtistisch Calvinisme." Die neiging in hierdie opsig van die Calvinistiese kuns n.l. om te preek, het dan ook dikwels onheilsame gevolge in die kuns gehad en dit berowe van alle lewenssap, die kuns laat verdring deur die didaktiese bedoeling.

Gedurende die 18de eeu het wetenskaplike vorsing en

kunsreëls 'n bevriesende lug oor die kunslewe laat gaan, en eers in die 19de eeu ontmoet ons in Nederland weer twee vername Calvinistiese digters: Bilderdyk en Da Costa. Dr. Kuyper plaas dan ook vir Bilderdyk naas Cats as die grootste Calvinistiese digter van Nederland. Deur die Tagtigers van sy troon gehaal, het Bilderdyk se roem baie gekwyn, al wou een van die moderne Nederlandse skrywers n.l. Carel Scharten, hom weer herstel. Nog vandag word pogings aangewend om weer sy betekenis na vore te bring. *De Nieuwe Gids* het in 1886 reeds treffend sy betekenis aangedui: „Hij heeft voor het eerst na Cats en Vondel alles durfen zeggen in verzen, en in groote, grove lijnen, in zijn *Ondergang der Eerste Waereld* de schetslijnen geteekend van een breede Hollandsche stijl." Da Costa, as geestelike kind van Bilderdyk, het, in sy besielde retoriese verse, getoon dat hy 'n egte Calvinis is, wat alleen skrywe ter verheerliking van God. Die Calvinisme wat so'n pragtige strydgeloof in die 17de eeu was, word egter in 'n tydperk van nasionale verslapping in Nederland van weinig opbeurende betekenis in die werk van die talrike „huislike" predikantedigters, so erg selfs dat Boissevain moes uitroep: „Indien men weten wil wat een genie is, dan heeft men slechts na te gaan wat aan Holland ontbreekt. Wat hebben wij nodig? Dat een edele hartstocht geworpen worde in de ziel van het volk: dat ons practische, Calvinistische, deftige winkeliersopvatting van het leven uit ons worde gegeseld met de striemen van satyre en heilige toorn." [48]) Dié Calvinisme, wat veel nadruk lê op die huislike lewe, het hier tot kleinlikheid verskrompel; die werk geskep deur dominees, „is in haar armzalige vlakheid en suffe, burgerlijke huisbakkendheid, zonder ruimten en verten, zonder lucht en licht, zonder drift en vervoering." [49]) Die onchristelike, onmaatskaplike Tagtigers se reaksie was dan in meer as een opsig teen die verdorrende invloed van die predikant-digters, wat 'n verblekende invloed in die algemeen oor kuns laat gaan het. Voor hulle het Byron en Shelley in Engeland ook gehamer teen die mure van kleingeestige vooroordeel.

„Het kan vreemd schijnen" sê Anthonie Donker, [50]) „maar in de grond was deze afkeer van het Christendom goeddeels niet anders dan afkeer van de predikantenpoëzie, waarin de dichterlijke taal culmineerde. De als poëzie vermomde berijmde vroomheid wekte hun weerzin, scheen hun de belichaming van het onschoone."

So deel Kloos b.v. kort-kort 'n venynige steek aan die Calvinisme toe en noem later vir Verwey 'n Calvinis, „door de schoonheidskoorts bezocht," wat duidelik wys dat, volgens hom, skoonheid en die Calvinisme nie verenigbaar is nie. Deur hulle heftige uitbarsting het die Tagtigers die godsdienstige lied lank laat swyg: Kloos moes later self kla dat die mense geen digbundels meer koop nie soos in die dae toe Beets se vlotgeskrewe poësie nog die hart verruk het. [51]) Die skimpe teen die Calvinisme, reeds lankal terug begin, word nog deur digters tot in ons tyd herhaal, sodat dit inderdaad lyk of die Calvinisme in verband staan met alles wat konserwatief, kleingeestig, engnasionaal en skynheilig is.

In ons tyd het een pragtige, wesenlik groots aangelegde gedeeltelik Calvinistiese digter een enkel bundeltjie poësie laat verskyn n.l. Geerten Gossaert met sy *Experimenten*. Dadelik het hy bewys dat die fout by die digters van vroeër lê, en nie by die Calvinisme nie. Hy wou weer oorspronklike besielde retoriese taal gee soos Da Costa, en het beweer dat mens nie die stroom van jou aandoening moet bederwe deur 'n angstvallige soekery na oorspronklike taal en beeld nie. „Toen in 1911 Gossaerts *Experimenten*, door enige van zijn persoonlijke vrienden, in een oplage van zestig exemplaren, werden uitgegeven, kon niemand vermoeden, dat deze bundel al spoedig tot een der veel gelezen, een der zeer weinige, veel gelezen bundels zou worden. Verklaring voor dit verschijnsel is niet te geven." [52]) Daar is wel deeglik 'n verklaring vir hierdie „verschijnsel" te gee, want die ontwikkeldes onder die Nederlandse volk, in sy kern godsdienstig, het maar net bly wag op 'n openbaring van sy godsdiensgevoel — al is dit in hierdie geval nie suiwer Calvinisties nie — deur die waarlik geïnspireerde digter. Later kom heelwat godsdienstige digters. Rondom die tydskrif *Opwaartsche Wegen* is daar vandag 'n hele aantal Calvinistiese digters geskaar wat nie in retoriese taal meer nie, maar lewendige liefde vir woordskoonheid en ritmebou, volgens behoeftes van die nuwe tyd, hul geloofsuiting uitstort in hulle lied.

Ook in Suid-Afrika is dieselfde verskynsels as in Nederland op te teken wat die kuns betref. Tot 'n aantal jare gelede het die invloed van die voor-Tagtigers nog oorweeg in die poësie. Ds. Kestell wys dan ook daarop dat ondanks die neiging om die skrywers van na 1880 na te volg „men

zich hier bij ons nog steeds vastklemde aan een oudere generatie, en inzonderheid aan Beets." [53]) Ook Jan Celliers wys later daarop dat die huislike digters van voor '80 nog hier by ons diens kan doen. Daar het geleidelik egter verandering gekom. „Wij zijn nog eenvoudig, nog natuurlik, ja zelfs nog taamlik naïef. En aan onze kunst komt dat ten goede. Maar de vraag is of diep onder de oppervlakte van Jong Zuid-Afrika z'n geestelike leven niet reeds kiemen zijn aan te wijzen van dat modern-europese." [54]) Hierdie „modern-europese" het hom dan ook in die laaste jare sterk openbaar. By ons ouere digters vind ons dan nog dikwels vermenging van „oue en nuwe", van retoriese taal en frisheid van segging. Dit is duidelik dat Suid-Afrika op 'n eie weg van geestesontwikkeling gaan en dat die letterkunde as 'n openbaring van die innerlike lewe en groei spore daarvan vertoon.

Laat ons ons blik gaan oor die ontwikkelingsgang van die hele Nederlandse en Afrikaanse letterkunde, met behoorlike inagneming van die verskillende strominge en verskynsels, dan merk ons hoe daar van tyd tot tyd digters was wat die verkondigers van die Calvinistiese lewensoortuiging was. In hulle kuns merk ons hoe diep hulle in daardie geloof wortel, hoe die inhoud die vorm dra. Dit is vir ons van betekenis dat Totius se werk vasskakel aan dié van sy besonder voorgangers, en dat hy as diepsinnige, godsdienstige digter kuns voortgebring het wat om die suiwerheid daarvan, 'n eervolle plek verdien in die Dietse letterkunde, kuns wat voortgekom het uit 'n ruim agtergrond maar die tekens dra van die siel wat daaraan gestalte gegee het.

## VI.

As 'n digter se werk te beperk-kerklik is, as dit nie uitstroom buite die grense van 'n bepaalde, streng dogma nie, dan mag dit wel vir sy besonder geloofskring betekenis hê, maar nie algemeen-menslike waarde besit nie, uitstyg in die sfeer van alles-omvattende grootheid nie. In hierdie sfeer lewe daar soos in 'n onskeidbare geheel: Goedheid, Waarheid en Skoonheid, want sonder een van die drie is die skepping van waarlik groot kuns onmoontlik; die drie moet altyd in gedienstige ewewig gaan. As Guido Gezelle se werk net vir Rooms-Katolieke genietbaar was, dan sou sy naam as digter alleen in 'n klein kring bekendheid ver-

werf het. Maar sy lied, hoewel dit suiwer binne sy kerklike leer beweeg, die kern daarvan suiwer bewaar, dy uit bokant daardie grense en word die lied van almal wat deur die stem van God ontroer word. Totius bewaar in sy kuns, druk suiwer daarin uit sy Calvinistiese lewensbeskouing, maar hy bly nie net by die besinging, by die vertolking in verse van 'n bepaalde dogma nie, dan sou sy werk te beperkkerklik gewees het, sou sy stroom nooit uitgemond het in die groter stroom van alle ware kuns nie, waar ons dinge nie afmeet in hokkies nie, maar waar die onberekenbare Lewe self regter is. Maar juis omdat Totius se werk so deur en deur nasionaal is, uitdrukking van die siel van 'n volk, wat 'n besonder lewens-, godsdiensbeskouing het, juis omdat hy as kind van daardie volk diep in hom opgeneem het die volk se geloof en deur sy besielde lied, deur die diepere, eenheidsoekende stroom van sy aandoening, uitdrukking gegee het daaraan op so 'n wyse dat dit uitswewe bokant ons landsgrense, daarom verruim sy betekenis, het die kuns wat hy voortbring het, waarde van 'n ruimer en groter aard. Is die godsdienstige digter se werk deurgloei van sy geloofsgloed dan word dit gedra deur 'n diepere deining, dan word die digterlike werksaamheid van 'n hoëre orde, want in die skone woorde van Fichte, „in so 'n handeling handel die mens self nie meer nie, maar God in sy oorspronklike innerlike Wese en Bestaan is dit wat in hom handel, en deur die mens sy werke verrig." [55])